# KULTUUR: KLEED VAN DIE MENS

**deur Prof. H. van der Wateren**[1]

## 1. PROBLEEMSTELLING

Die onderliggende behoefte is om 'n kultuurbeskouing uit die Woord te formuleer. Oor die wese van kultuur en meer in besonder oor 'n Christelike kultuurbeskouing is die meeste van die gelowige skrywers dit eens dat.

- kultuur tot die mens behoort
- kultuur uitdrukking gee aan die somtotaal van alle menslike handelinge en dat die mens dus kultuur leef
- kultuur 'n opdrag/mandaat/roeping is kragtens Gen. 1:28
- kultuur wesenlik 'n beheersing en onderwerping van die natuur deur die mens is.

Ofskoon daar nuanse verskille bestaan, kan hierdie punte aanvaar word as gemeenveld. Die vraagstuk van 'n Woord-gefundeerde kultuurbeskouing gaan egter veel dieper. Dit moet ook opgemerk word dat die meeste sekulêre skrywers ook aanvaar dat kultuurvorming 'n menslike eienskap is en dat dit sy totale lewe en alle handelinge omvat. Die weë loop egter uiteen wanneer dit by die mensbeskouing kom. Gedurende die 19de eeu word die wêreld stom geslaan deur 'n hele reeks filosofiese strominge rondom die mens. Die meeste van hierdie strominge spruit voort uit 'n reeks ewe verstommende natuurwetenskaplike ontdekkings wat die lewe van die mens ingrypend verander het. Die ontbrandingsmasjien, die telefoon, elektrisiteit, die isolering van virusse en beheermiddele in die verband, het die natuurwetenskaplike laboratorium naby die mens gebring en inderdaad sy lewe binne gedring. Die gevolg was dat die leefwyse, d.w.s. die kultuur, van die Europeër daardeur in die gedrang gebring is. Modernisasie – vir die tyd – het populêr geword. En noodwendig het dit die gestileerde en deftige lewenstyl van die Romantiek in die gedrang gebring. Daarom word die jare rondom 1850 in die geskiedenis aanvaar as die na-romantiese periode. Nou word onderlinge verbande tussen verskillende wetenskaplike rigtings gesoek en telkens is die mens in die middelpunt daarvan geplaas. Die lewe het 'n uitdaging geword. In 1859 word die "Origin of Species" deur Charles Darwin gepubliseer en omdat die mense ontvanklik was vir so 'n sensasionele skok, word dit tot bloudruk van die Evolusionisme verhef. Evolusie word byna 'n kultus want die "moderne" mens het volgens hom sy oorsprong ontdek. Die ou orde van die Romantiek bevredig nie meer nie. En veel belangriker, die Kerk word saam met die Romantiek verwerp as oudmodies en die Woord van God word onder verdenking geplaas. So word die Woord teenoor die wetenskap gestel en verlustig die mensdom hulle in die sensasie wat die wetenskaplike ontdekkings vir hulle meebring.

Dat die Evolusionisme nie op wetenskaplike bewyse nie maar op 'n valse geloofstuk gegrond is word nie verantwoord nie. Die lewe is 'n uitdaging, en omdat die Evolusieleer die Woord van God en daarom die God van die Woord uitdaag, word die sensasie daarvan des te groter. So bly die sogenaamde nuwe ontdekking nie tot die mens beperk nie maar brei dit uit na die sogenaamde ontdekking van kultuuroorspronge. Lubbock (die ontstaan van beskawing), Tylor (die ontwikkeling van beskawing), Pitt-Rivers (die evolusie van kultuur) en les bes, Frazer (die ontstaan en ontwikkeling van godsdiens) is enkele van die "groot" name. 'n Skrywerslys oor die nuwigheid in die tyd sal bladsye beslaan. Met hierdie afgodery in die wetenskap is 'n patroon vasgelê: die "ontdekking" van die mens as ge-evolueerde wese lei tot die "ontdekking" van die oorsprong en evolusie van sy kultuur. So het kultuur en die kultuurstudie 'n blote uitvloeisel en

---

[1] Lesing gegee by die *Esra Instituut* se Verbondseminaar in 2000, onder die tema "Christus en Kultuur".

**Prof. H. van der Wateren** is 'n afgetrede professor van die Potchefstroomse Universiteit vir CHO, waar hy in Volkekunde gedoseer het. Prof. van der Wateren is ook die voorsitter van die Volkskomitee vir die herdenking van die Tweede Vryheidsoorlog. Hy is lidmaat van die GK Waterberg.

verlengstuk geword van die bestudering van die mens Vanselfsprekend het gelowiges hierop gereageer. As kragtige apologeet en tydgenoot van Darwin, tree Abraham Kuyper (1837 – 1920) na vore met sterk teenstellings oor die geskape mens en sy kultuurhandelinge. Die Kuyperiaanse invloed op die Christelike kultuurstudie is veel groter as wat algemeen erken word. H.R. van Til se uitspraak bykans honderd jaar later (1959) bevestig dit:

> Abraham Kuyper, versatile genius of Dutch Calvinism, has done more than any other man to define the concept, Calvinistic culture (Vgl. 1979, p.28)

Kuyper se ingewikkelde beredenering van God se algemene en besondere genade het egter ook hierdie uitmuntende leerstof onder 'n wolk van verwarring en selfs verdenking geplaas Schilder (1890 – 1952) bring vernuwende momente in die Calvinistiese kultuurbeskouing in sy formulering van die genade in Christus te midde van die volle bewustheid van die voortgang van die sonde. Die leemtes in sy beskouing lê, soos in die geval van Kuyper, in sy volgehoue apologetiek. As apologeet reageer hy veral teen Hegel se historiese godsbeskouing, maar onderskei hy nie genoegsaam tussen kultuurontplooiing en kultuurdinamiek as onderskeie momente van die historiese proses nie. Daarom is sy definiëring van kultuur lomp en verwarrend. (Vgl.: 1979, p.31-33). Dooyeweerd (1894 – 1977) kan as oorgangsfiguur beskou word, maar wat 'n sterk invloed laat uitgaan het op latere denkers soos Van Peursen en Van Riessen In sy mensbeskouing stel hy vernuwende gedagtes op die beskouing van Kuyper (Vgl: 1979, p.34). Henry van Til (1906 – + 1990), met sy plasing van die kultuurvraagstuk midde in die openbaringsgeskiedenis, dring deur tot die kern van die vraagstuk van 'n Woord-gefundeerde kultuurbeskouing. Dat hy nie deeglik kennis geneem het van God-onterende kultuurarbeid nie, moet as leemte teen Van Til se andersinds uitmuntende werk aangeteken word. (Vgl.: 1979, p.37-39).

Met hierdie beknopte oorsig is gepoog om een deurlopende leemte onder calvinistiese kultuurdenkers aan te dui. Dit is naamlik dat in reaksie op die God-onterende mensbeskouinge rondom die Evolusionisme, sterk gefokus is op die mens. En soos die Evolusiedenkers is kultuur as 'n verlengstuk van die mens beskou en het die reaksie onder gelowiges daarop uitgeloop dat die mens vanuit die Woord beskou is, maar sy kultuur vanuit die mens. Uit die Christelike apologetiek van die vorige eeu het ons dus die eienaardige erflating van 'n Woord-gefundeerde Antropologie met 'n antropologies-gefundeerde kulturologie. 'n Erflating wat tot op ons dag ernstige probleme skep.

Die volgende vrae wat hieruit spruit kan kortliks aangestip word:

- Verreken ons voldoende die feit dat die erfsonde deur die mens voortgeplant word maar deur sy kultuur tot wasdom groei?
- Verreken ons voldoende die verband tussen die kultuurdade wat 'n mens in 'n kort lewenspan van 70 – 80 jaar verrig en die ewigheidswaarde wat dit het?
- Wat is die verhouding tussen kerstening van die mens en die kerstening van sy kultuur? Die begrip kultuurkerstening word algemeen as vreemd ervaar.
- Hoe verstaan ons die gereformeerde leerstuk van heiligmaking in terme van kultuurheiliging?
- Hoe verstaan ons die geweldige kultuurprestasies oor die eeue heen binne Sondag 10 van die Heidelbergse Kategismus wat handel oor God se voorsienigheid?
- Wat is die verhouding tussen die kultuurvermoë en religieuse vermoë as twee kragte binne die lewende mens?

Elkeen van hierdie vrae kan in onderafdelings verdeel word tot verdere vrae. By wyse van samevatting kan gesê word dat die bogenoemde skeuring in die mens- en kultuurbeskouing groot probleme skep wanneer dit teen die Heidelbergse Kategismus gespieël word. Die antwoord daarop lê m.i. in 'n suiwer Woord-gefundeerde mensbeskouing naas 'n Woord-gefundeerde kultuurbeskouing, wat onderskei, maar nie

geskei mag word nie Dit is die eerste punt waartoe Gen. 1 28 ons lei.

## 2. DIE WOORDOPENBARING OOR DIE OORSPRONG VAN KULTUUR

Gen. 1.28 is een opdrag met twee onderdele: vul en beheers die aarde. Die vul van die aarde spruit uit die menslike vermoë tot voortplanting. Die heers oor die aarde wortel in sy kultuurvermoë. Dit moet saam maar onderskeidend verstaan word. Sonder mense (vul van die aarde) kan daar geen kultuur (beheersing) wees nie. Sonder kultuur kan die mens nie bestaan nie en gevolglik die aarde ordelik vul nie. Die sluitstuk lê in die kultuurvermoë van die mens nl. dat die aarde al heersende gevul moet word. Dit sonder hom dus as unieke geskape wese uit. In die verhouding tussen voortplanting en voortbestaan lê die misterie van die geroepe mens teenoor alle ander skepsele wat instinktief of natuurlik vermeerder. Want die beheersende vul van die aarde bedoel ook dat die mens daarin oor homself moet heers – ons noem dit selfbeheersing – sodat daar 'n ordelike verhouding tussen voorplanting en kultuurarbeid bestaan. (Daarin lê ook die antwoord op die sogenaamde bevolkingsontploffings-vraagstuk. Dit is niks anders nie as die resultaat van 'n skeefgetrokke toepassing van die twee komponente van Gen. 1:28.)

Die grond van selfbeheersde voortplanting en kultuurbou vind ons in die kultuuroorsprong wat in Gen. 2:20 geopenbaar word. Die Here weet dat dit nie goed is dat die mens alleen op die aarde is nie (Gen. 2:18) maar Adam moet dit deur kultuurarbeid ontdek. Hy ontvang dus van God die opdrag om die diere te benoem en kom daardeur tot 'n merkwaardige gevolgtrekking in Gen. 2:20:

> So het die mens dan name gegee aan al die vee en aan die voëls van die hemel en aan al die wilde diere van die veld, maar vir die mens het hy geen hulp gevind wat by hom pas nie.

Uit sy gevolgtrekking is dit duidelik dat dit nie gaan oor die name nie, dat dit nie gaan oor 'n kameelperd, 'n donkie of 'n kwêvoël nie. Ten diepste moes Adam 'n volledige studie maak van die diere, 'n omvattende Taksonomie van die ganse skepping, om tot so 'n merkwaardige gevolgtrekking te kon kom. En dan gebeur die wonder van 'n sondelose mens in 'n sondelose wêreld. Adam besef dat hy die voortplantingsopdrag van Gen. 1:28 nie kan uitvoer nie. Hy gryp egter nie in onbeheerstheid 'n dier waarmee hy die aarde wil vul nie. In volle geloofsvertroue en met selfbeheersde verwondering lê hy sy verslag aan God voor En dan raak hy aan die slaap, om wanneer hy wakker word en sy geskape vrou sien, die eerste kultuurlied op aarde te sing. Die klank hiervan hang as't ware nog in die lug wanneer God hulle in die huwelik bevestig. Daarmee word die mens, man en vrou, volledig mens; in staat om sy roeping voor God uit te voer. In alles wat hy doen – dit wil sê sy kultuurarbeid – en in sy leefwyse – sy voortplanting – moes hy God verheerlik. Hy moes soos 'n orkes- en koordirigent die klanke en lofuitinge van die ganse skepping saamsnoer tot 'n heerlike simfonie tot eer van God. Daartoe was die sondelose mensepaar in staat. (Het die predikante in ons dag wat so sukkel met die homoseksualisme en die sg. Gay-huwelike, na al die eeue blind geword vir die wonder van die Genesis-huwelik?). Satan daag egter ook by die huweliksfees op en so vind die eerste – en grootste – ramp op aarde plaas: die sonde kom as 'n blywende erfstuk op aarde. Dit is die nalatenskap in die testamentêre boedel van die eerste mens. Nou word Sondag 10 van die Heidelbergse Kategismus 'n allernoodsaaklike onderdeel van die mensdom se geloofslewe want nou worstel die mens teen en met die voorsienigheid van God. Kultuuromskepping word 'n vraagstuk, en hoofstuk 5 van die Dordtse leerreëls word 'n worstelstryd. Geloofsvolharding word 'n krisis waarin die mens telkens val, want die mens se religieuse vermoë en sy kultuurvermoë kom met die sondeval in 'n finale en beslissende botsing. Sy kultuurvermoë stel hom steeds in staat om oor die ganse skepping te heers maar omdat hy sy selfbeheersing verloor het, word sy religieuse vermoë 'n struikelblok. Sy gerigtheid op God word nou 'n gerigtheid op 'n afgod wat hy aan homself diensbaar stel. So wil hy dus nie net oor God se skepping heers nie maar ook oor die God van die skepping. Die kultuursimfonie word 'n wanklankige lawaai.

## 3. DIE WONDER VAN DIE KLEED

Die verdere Paradysverhaal wat aan ons geopenbaar is, het menige gelowige kulturoloog al laat struikel – juis vanweë die spanning tussen 'n Woord-gefundeerde antropologie en 'n antropologies-gefundeerde Kulturologie. Dit gaan naamlik oor die mensepaar wat voor die sondeval nakend is voor God maar dat hulle nie skaam is nie, oor die klere wat hulle van blare maak en die velkleed wat God aan hulle gee. Hierdie drie komponente moet in samehang goed beskou word. Adam en Eva is as beelddraers van God geskape. Selfs 'n mens maak nie 'n beeld en bedek dit dan nie Dit word op 'n voetstuk geplaas sodat almal dit kan bewonder. So was dit met Adam en Eva wat as kroon van die skepping, as ware beelddraers van God, bewonder kon word. Daaroor sou hulle hulle nie mog skaam nie. As sydelingse opmerking moet hier aangeteken word dat die sg. naakkuns na die sondeval nie ware kuns kan wees nie. Al mag dit egte kuns wees, het die waarheid in Christus daaruit verdwyn. Met die sondeval word die mens nie dier of duiwel nie, hy bly mens – beelddraer van God. Weens die sonde word die mens egter 'n drogbeeld en dit roep om bedekking. Hier gaan dit oor beide die beeld wat uitgestraal word en die beeld wat gesien word. Die mens kan mekaar eenvoudig nie meer anders aansien as met sondebelope oë nie. Maar dit gaan nog dieper. Wanneer God aan Adam vra waar is jy, is die antwoord: Ek het u geruis gehoor in die tuin en gevrees, want ek is naak. Nie skaamte nie maar vrees. Dis die emosie wat sy naaktheid opwek. Daarom bedek die beelddraer, Adam, hom eerstens voor God – die Almagtige Beeldhouer wat hom gemaak het. En dan vind die derde moment in hierdie dramatiese verhaal plaas. God gee aan hulle klere van vel. Hieroor is al dikwels gestruikel deur die kultuurfilosowe. Dit is al genoem 'n voorbeeld, 'n kultuurmodel, 'n verbetering op Adam se blarepoging sodat hy kan weet om sy kultuur in te rig tot eer van God. Hierin het die filosowe hulle so blind gestaar op die mens dat die kultuur 'n blote aanhangsel geword het Hierdie velkleed is nie een van hierdie dinge nie. Word die paradysgebeure in die volle lig van die openbaringsgeskiedenis geplaas, dan word die volgende duidelik:

- Kultuur is alles wat die méns doen. Die velkleed is deur God voorsien en daarom is dit nie kultuur nie. Dit trek 'n streep deur die idees van 'n kultuurmodel en van 'n voorbeeld.
- Die alwyse, ewige en voorsienige God wat alles gemaak het – ook die mens – gee die velkleed aan die gevalle mens. Sou Hy as Maker nie die mens ken nie? Sou Hy nie weet dat hierdie mens tot groot dade in staat is nie. Dat hy stede kan bou en 'n ruimtetegnologie ontwikkel waarmee hy selfs ander planete kan ondersoek. Om die velkleed te beskou as 'n verbetering op Adam se poging is om 'n streep te trek deur God se alwetende wysheid en sy voorsienigheid.

Wesenlik het ons hier met die openbaring van die volle Heilsevangelie te doen in sinnebeeldige handelinge wat op die mens se kultuur betrekking het. Adam se blareklere is 'n sinnebeeld van sy kultuurvermoë om kreatief homself te behelp. Dit is die resultaat van sy kultuurwerk in eie krag – sonder God voor wie hy vrees en nou iets produseer om sy vrees te oorwin. Daarom staan dit onder God se oordeel. Wanneer God vir Adam in sy selfgemaakte mondering aanskou, ontvlam tegelyk sy toorn maar ook sy liefde. So is die velkleed dan 'n sinnebeeld van God se geregtigheid, d.w.s. sy toorn plus sy liefde in Christus Daarom staan dit onder God se genade. Want ten einde 'n vel te kry moet God 'n dier doodmaak. So vloei die eerste bloed vanweë die sonde en vind die eerste profesie op die bloed van Christus reeds in die Paradys plaas. En dit word gedoen deur 'n Goddelike handeling as antwoord op die kultuurhandeling (sy blarekleed) van Adam. Die besondere betekenis hiervan lê in die feit dat God ander klere gee – nie plaasvervangend of as model nie, maar as sinnebeeld Want aan alles wat die mens kon bedink of ontwerp het Adam behoefte gehad, behalwe aan klere. Hy had behoefte aan 'n voertuig, kos, gereedskap, ens., vir die tog wanneer hy uit die Paradys weggestuur word Maar God gee klere – die een kultuurproduk wat Adam reeds het en self in eie vernuf ontwerp het So staan die gevalle Adam en Eva reeds voor die volle openbaringsgeskiedenis. Daar kom 'n skerp skeidslyn in die kultuurgeskiedenis deurdat daar voortaan God-onterende kultuurwerke deur die mensdom in eie vernuf voortgebring sal word. Daardie

kultuurwerke, sinnebeeldig uitgedruk in die blareklere van Adam, staan onder God se oordeel. Daarteenoor sal daar kultuurwerke voortgebring word onder die sinnebeeld van die velkleed. Al is dit sondig dra dit die teken van God se genadige bedekking van die sonde. So is God se genade nie net beperk tot die mens as draer van die erfsonde nie maar brei Hy sy genade uit om ook die kultuur waardeur die sonde voortgedra word, te omsluit. Maar daarmee word die mensheidsgeskiedenis nie 'n blote marionettespel nie. Die mens word steeds tot verantwoording geroep. Die wese hiervan vind ons in die vraag aan Eva: Wat het jy nou gedoen! (Gen. 3:13). Dis die een vraag wat oor die ganse mensdom bly hang tot aan die laaste dag. En dis die een vraag wat alleen in Christus beantwoord kan word.

**Vrou –** Genesis 3:13- Februarie 1997

Eva, wat het jy nou gedoen?
die vraag wat oor die eeue dein
en oor die mensdom skrynend hang
wanneer God's oog die verste vertes peil.
En sy, die vrou, nie eers besef:
een hap in dwaasheid afgebyt
skiet soos 'n ster tot in die ewigheid.

Maria wat die skouspel stil betrag,
'n dolksteek deur haar moederhart,
vind troos by Hom: daar is u seun
-die bruidskerk wat óók weerloos staan.
Hy bied die antwoord: dis volbring.
Sodat die Vrou in bruidsgewaad
vir ewig in die Vaderhuis kan woon

En, merkwaardig, in die gesprek wat volg herhaal God die kultuuropdrag van Gen. 1:28 maar nou onder sy oordeel vanweë die sonde.

- met smart sal die vrou voortplant (Gen. 3:16)
- met sweet en moeite sal die man die aarde beheers (Gen. 3:19)

Dieselfde kultuuropdrag volg maar in 'n nuwe gedaante omdat die heerlike versorgende (cologiese) element van kultuurbou weggeval het. En dit word herhalend beklemtoon in Gen. 3:23. Wie nie hierdie sinnebeelde oor kultuur raaksien nie, raak verstrik in die openbaringsgeskiedenis wanneer dit gaan oor die verhouding tussen mens en kultuur. Wanneer ons die sinnebeeldige betekenis van hierdie magtige gebeure in die Paradys egter begryp, verstaan ons ook die Bybelse openbaring oor kultuur wat deurgaans met die sinnebeeld van klere uitgedruk word – òf tot oordeel òf tot genade Wat meer is, dit werp lig op die spanning wat tussen die kultuurvermoë en die religieuse vermoë van die mens ontstaan het. Want in homself dra die mens die erfsonde, maar dit word deur sy kultuurdade voortgeplant:

> Daarna, as die begeerlikheid ontvang het, baar dit sonde, en as die sonde tot volle ontwikkeling gekom het {d.w.s. as die (religieuse) sondevermoë ontwikkel het tot die sondige kultuurdaad} bring dit die dood voort.
> – Jak 1:15.

Hierdie spanningslyn word hier slegs met 'n enkele flits aangedui

- In Ex 28:1-43 gee God nie, soos aan Adam, 'n kleed aan die hoëpriester nie. Dit moet hyself maak! God gee egter tot in fyn besonderhede die voorskrifte daarvan. Die maak van die klere is dus kultuurarbeid maar dit geskied volgens Goddelike voorskrif. In sigself dra dit dus die karakter van geheiligde kultuur. Die hoëpriester moet ten volle bedek in sy ampsklere wees wanneer hy versoening doen. Selfs die stikwerk moet so wees dat die klere nie skeur wanneer hy sy ampswerk verrig en sy liggaam gesien kan word nie. Hierin word die sinnebeeld van die kultuurkleed

uitgedruk.

- Wanneer Christus gekruisig word, hang Hy nakend aan die kruis. Hy doen versoening deur die offer van homself, van sy liggaam, wat ontbloot voor die mense hang
- Die hoëpriester se klere is reeds besonders maar dit moet selfs verder geheilig word. As mens is hy niks maar hy kan die hoë amp van versoening verrig deur die heiliging van sy klere.
- Daarteenoor is Christus se klere niks en Hy alles. Sy laaste – en intiemste – kultuurbesittings, sy klere, word by die kruis verdobbel. So laat Hy, testamentêr niks na nie as sy gekruisigde liggaam, sodat niemand kan roem nie, behalwe in Christus en dit alleen in die geloof.

Die sin hiervan is dat waar God Adam deur 'n velkleed van genade bedek, profeteer die hoëpriester deur sy ampskleed van God se genade En waar die hoëpriester deur sy klere sinnebeeld van versoening is, is Christus sonder klere self soenoffer. Ook die ongeloofskleed – die blarekleed – word in die Woord geopenbaar. In Jakobus 2:18 word die skeiding duidelik getrek:

> Toon my jou geloof uit jou werke en ek sal jou uit my werke my geloof toon.

Geloof is genade wat deur God gegee word. Dit kan nie deur mensevermoëns gekweek word nie. Tussen gelowiges en ongelowiges is daar dus 'n skerp skeiding. En dit vind direk neerslag in die kultuurwerke. As sodanig verskil die karakter van die kultuurwerke: dit word verrig òf tot eer van God (hoewel dit steeds sondig is) òf tot verheerliking en selfbeskikking van die mens. Deur die geloofskeiding volg dus noodwendig 'n kultuurskeiding, want die verhouding tussen God en die kultuurmens is wesenlik anders as die verhouding tussen die kultuurmens en sy afgod. Die vraag of die verskil in kultuurkarakter sigbaar is in die kultuurwerke, vloei noodwendig hieruit – beide is immers sondig. Dit moet nie beskou word as twee tipes kultuur nie maar as kultuur met wesenlik teenoorstaande karakterverskille. Hierin wortel die betekenis van kulturele kerstening wat volg op die kerstening van die mens. Die gerigtheid van gelowige kultuurbeoefening word daardeur anders. Hiervan sê Paulus:

> Beklee julle met die Here Jesus Christus en maak geen voorsorg vir die vlees om sy begeerlikhede te bevredig nie (Rom. 13:14) (Let daarop dat aldrie die verbondsname gebruik word)

Vanuit God se verbond met die gelowiges word hulle dus opgeroep tot dienswerk – kultuurarbeid – tot eer van God. Rondom Christus loop die weë dus finaal uiteen Anders gestel: terwyl Hy nakend aan die kruis hang om die sonde van die mens te bedek, sit aan die voet van die kruis hulle wat in ongeloof sy testament verwerp en slegs belang stel in sy laaste kultuurbesitting, sy klere En in die lotsbeslissing van Christus se klere sien ons hoe sy uitverkiesende genade en sy oordeel as teenoorstaandes mekaar ontmoet.

Die kruis word die raakpunt maar terselfdertyd die finale en ewige skeiding. So word Hy die Singewer van die ganse kultuurgeskiedenis. Daarmee kom die blarekleed van ongeloof onder oordeel maar kry die velkleed van God se uitverkiesende genade 'n ewige en geheiligde bestemming en kry ons volle perspektief op die wonder dat wat die mens in 'n kort lewenspan verrig, ewigheidsbetekenis het.

## 4. TOEKOMSBLIK

Vir klere is nie net die snit en ontwerp van belang nie maar ook die kleur. Ook dit word in die Woord opgevang in die sinnebeeld van die kultuurkleed. Die Ou Testamentiese priester moes 'n breë soom van pers-stof onderaan sy ampsklere dra waaraan klokkies vasgewerk is. Die pers soom was simbool van God se oordeel deur die Wet. Wanneer die priester loop, word die aandag op die Wet gevestig deur die geklingel van die klokkies. In die Nuwe Testament lees ons van die breë some van die Fariseërs se klere as

toonbeeld van sogenaamde wetsonderhouding. Maar ons lees ook hoedat 'n vrou juis die soom – die Wet – van Christus se klere vasgryp en uit geloof gesond word – want Hy het die Wet vervul. En dit is hierdie kleed wat uiteindelik verdobbel word. Maar die Woord openbaar nog meer. Pers en purper en rooi was die kleure van konings en dit druk menslike weelde uit. Adam was koning van die skepping. Wanneer Christus die koningskap uit genade herstel, ontvang hy van die wêreld juis koninklike simbole – maar dan van 'n spotkoning.

- 'n kroon van dorings
- 'n rietsepter
- 'n rooi soldatemantel.

Maar by sy wederkoms sien Johannes Hom weer as 'n Koning. met 'n ystersepter, baie krone en 'n kleed wat in bloed gedoop is – en daardie kleed het die voorkoms van die Ou Testamentiese hoëpriester. So verskyn hy in sy toorn om die wêreld wat hom verwerp het, sy klere aan die godin van die noodlot onderwerp het, en Hom as 'n spotkoning verneder het, te oordeel. Daar is nog meer. In Openbaring 17 – 19 word die kleur van die kultuurklere skerp teen mekaar gestel:

- Babilon die hoer – simbool van wêreldse sinsgenot is weelderig geklee in purper klere. Merkwaardig gryp Openbaring 18 in die verbreding van die sinnebeeld tot 'n stad, 'n burg of menslike vesting dan terug na Gen. 4 waar die kultuuroorsprong van die wêreldling geskets word. (Die burg of vesting herinner aan die blareskans wat Adam gemaak het).

Die verband word slegs in breë trekke gestel. Lameg, die eerste humanis wat 'n wraaklied oor homself sing se vier kinders word as beginners, d.w.s. inisieerders van die wêreldse kultuur aangedui.

- Jabal – die inisieerder van 'n gevestigde leefwyse deur boerdery wat op stede en vestings uitloop. In Openb. 18:21 word Babilon die groot stad in die see (dit is die mensesee) teruggegooi om nooit weer gevind te word nie.
- Tubal-Kain wat letterlik ystervylsel beteken, is die vader van die tegnologie. In Openb. 18-19 kom die meul, die lamp – simbole van *die* tegnologie – tot 'n einde.
- Jubal – een wat geluide kan opvang – is die vader van musiek en die skone kunste waarmee die mense se kultuur versier word. In Openb. 18:22 staan dat die stem van siterspelers, sangers, fluitspelers, basuinblasers stil sal word, en geen kunstenaar van enige kuns meer gevind sal word nie.
- Dan word 'n dogter genoem – Naema. Letterlik *verleidelike,* maar in die sin van wêreldse wellus En in Openbaring 18:23 word 'n einde gemaak aan die huwelik en menslike voortplanting.

En hierdie dramatiese momente vind plaas onder die naam van Babilon, die groot stad en tegelyk die verleidelike vrou wat in pers en purper geklee is. Die oorsprong en die beëindiging van die weelderige mensgerigte wêreldkultuur word dus hier geplaas onder purper, die pers van die wet en onder God se toorn. Daardie kultuur waarin die sonde voortkanker word beëindig. Daar bly niks van oor wanneer dit in die see, simbool van die wêreldse mensemassa, teruggegooi word nie. En dan staan ons in verwondering as ons besef dat Gen. 1:28 hier neerslag vind. Beheersing deur die prestasies van Lameg se drie seuns en voorplanting deur die losse sedes van Naema word vernietig. Daar bly niks oor nie – want dit dra die teken van die Wet en van oordeel Dit is die eiegeregtige blarekleed van Adam wat pers gekleur is.

En die Kerk? Die gelowiges, die Kerk van Christus word herhaaldelik as bruid voorgestel. En hierdie bruid word in haar klere, in haar bruidsgewaad geteken in Openbaring 19:8.

> En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want
> die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges.

Dit kom amper as 'n skok teen die bloedige oordeelstoneel van Openbaring 18. Haar klere is gegee – uit genade. Dit is wit – kleursimbool van reinheid. Dit is van fyn linne – die stof wat as sieraad beskou is maar sonder opsmuk en uitspattige weelde. En dit alles is die somtotaal van die werke, regverdige dade, geheiligde kultuur, van die gelowiges. So staan die gelowiges dan uit genade in eenvoud en waarheid voor die bruidegom, Jesus Christus wat sy Kerk versamel. Hierdie verhouding bereik 'n klimaks in die slotakkoorde van die laaste Bybelboek. Die slotwoord oor Jesus Christus, Openb. 22:13, dra soos 'n refrein die openbaring van God aan Moses: Ek is. Ek is die Alfa en die Omega, (Ek is) die begin en die einde, (Ek is) die eerste en die laaste En in die slotwoord oor die gelowiges, die bruid van Christus, is 'n saligspreking waarin mens en kultuur saamgevoeg is. Letterlik staan daar: Salig is hulle wat hulle klere gewas het, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe. Die toegang tot die boom van die lewe wat van die velbeklede Adam en Eva ontneem is (Gen. 3:24) word aan die einde as 'n reg aan die Kerk gegee – 'n Reg wat deur Christus verwerf is en wat Hy toedeel volgens die gewaste kultuurklere van die begenadigdes. Klere wat wit gewas is in die bloed van die Lam. Daarmee is die ewige vraag aan Eva beantwoord.

Op elkeen van die sinnebeelde kan baie uitgebrei word. Ek meen egter dat dit die vraag beantwoord of ons 'n Bybels-gefundeerde kultuurbeskouing mag en moet hê. Die antwoord is ondubbelsinnig: ja. In die sinnebeelde rondom die klere ontvou die volle kultuurdinamiek van alle eeue Word dit na karakter getipeer, word die innige verhouding tussen mens en kultuur uitgedruk in die beklede mens en word die eindbestemming van die menslike kultuur beoordeel: of dit wit is of purper.

## 5. VOLKSKULTUUR

Tot dusver is na kultuur gekyk as die neerslag van die mens van alle eeue. Die mensdom bestaan egter nie as 'n breë onbegrensde massa voort nie maar is deur God in sy natuurlike verwantskappe tot gesinne, families en volke afgegrens (Hierdie verskynsel wat 'n ewe groot wonder is en wat ook met ryke sinnebeelde in die Woord aangedui word, word hier as 'n feit gestel sonder om dit verder te beredeneer). Wat besonders is, is dat die twee kulturele karakterlyne, die lyn van geloof of ongeloof, van blareklere of velklere, in elke volk voorkom. Die verdeling van volke wis dus nie die kultuurhandelinge uit nie. Kultuur word inteendeel sigbaar binne die volksverband beoefen. Dit word aangedui as volkskultuur. Wesenlik staan elke volk dus voor die kultuurroeping aan die mens om sy kultuur binne sy volksverband te beoefen. Benewens die kulturele karakter van ongelowige of gelowige kultuurbeoefening, kan ons dus sê dat elke volk sy eie kulturele persoonlikheid het. Daarin kom nog 'n perspektief by. Dis nie genoeg dat die gelowige binne volksverband sy kultuurwerk in diens van God verrig nie. Dit moet ook 'n bepaalde kwaliteit hê. Dit druk ons uit met die begrip beskawing – letterlik die skaaf, gladmaak, polering, sodat die kwaliteit daarvan soos gladgepoleerde hout sigbaar word. Wat die mens in volksverband doen is kultuur; hoe hy dit doen druk sy beskawing uit. En die maatstaf vir beskawing is prinsipieel die mate waarin daardie volk sy kultuurroeping in diens van God beoefen. Dit vat ons saam in die begrip Christelik-nasionale volkskultuur. Hierin is elke volk geroep om sy eie kultuur altyd reformerend uit te bou.

Teen die voorafgaande benadering trek die kultuurbeoefening binne volksverband saam in die volgende:

- kragtens ons roeping moet elke mens sy volkskultuur kragdadig uitbou ten opsigte van alles wat geërf en verwerf is.
- kragtens ons roeping moet ons hele volkskultuur bewaar word soos dit saamtrek in drie komponente nl. politieke beheersing tot orde, ekonomiese vooruitgang deur arbeid en maatskaplike stabiliteit in die natuurlike verwantskappe van gesinne, families en volk.
- kragtens ons roeping moet ons volkskultuur uitgebou word sodat die beskawingkwaliteit daarvan gesien kan word.

As ons ons Boere-Afrikaner kultuur so as roeping uitleef en ontwikkel, beveilig ons ons

kultuur as 'n erfpand vir die geslagte wat kom. As ons dit egter nie doen nie, moet ons weet dat ons as volk uiteen val. Die tekens hiervan is helaas alreeds baie sigbaar in ons volk, want ons handel roekeloos met die genadegawes van kultuur en volk omdat ons weier om ons roeping te verstaan. Dit is die roeping van Adam om die natuurverskeidenheid tot 'n simfonie, 'n loflied tot eer van God saam te trek. Daardie roeping bly vir elke mens – soos wat Adam na die sondeval nie dier of duiwel geword het nie maar mens gebly het. En dit is wesenlik die kultuurroeping van volke.

Soos God die natuur beklee het in 'n ryke verskeidenheid van kleure in plante en diere – volgens hulle soorte - so het Hy die mensdom geroep om met 'n volkskulturele verskeidenheid die wêreld te versier. Want volke bestaan nie in 'n eentonige grysheid nie maar juis in 'n kleurryke kultuurverskeidenheid. In die verskeidenheid geld die een opdrag vir alle volke nl. om elkeen sy kultuur en volksbestaan so in te kleur dat hy deur beskawingsopbou meewerk aan die eer van God die Skepper sodat elke volk, elke mens, die kleurryke verskeidenheid van God se skepping kan raaksien, dit kan waardeer en daaroor kan heers – elke volk op sy gegewe stuk aarde. Dit is in wese die nalewing van die beeldskap van God, al is dit 'n gebroke beeld. Hierdie roeping geld steeds vir alle volke – ook ons eie volk al het ons selfs ons gegewe stuk volksaarde weggegee sodat ander daaroor kan heers. Want hierdie roeping wat vir *alle* volke in *alle* tye geld, druk God se wysheid en Sy voorsieningheid uit en daarin ontvou die wonder van Sy genade

# 6. VERWYSINGS


1. H. van der Wateren, 1979. *Kultuur: Kleed van die mens* (NG Kerkboekhandel) – met bronverwysings.
2. H. van der Wateren (red), 1996. *Afrikanertoekoms* (Spera)